**LIMERICK RIVER LODGE**

**Op die oewer van die Vaalrivier**
**Viljoenskroonpad, Vrystaat**
**info@limericklodge.co.za**
**www.limericklodge.co.za**
**082 335 2809**

# Pryslys – 2026

### Kwartaal 2

## Akkommodasie (per nag)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Chalets** | | | | Per eenheid |
| C1 | 4 | Dubbelbed in kamer met 2 enkelbedjies in voorkamer. Braaigeriewe, linne en kombuisware. Badkamer met stort, wasbak en toilet. | N | R 1400 |
| C2 | 6 | Dubbelbed in kamer met 2 stapelbedjies in voorkamer. Braaigeriewe, linne en kombuisware. Badkamer met stort, wasbak en toilet. | Y | R 1600 |
| C3 | 4 | Dubbelbed in kamer met 2 enkelbedjies in voorkamer. Braaigeriewe, linne en kombuisware. Badkamer met stort, wasbak en toilet. | Y | R 1400 |
| C4 | 4 | Dubbelbed in kamer met 2 enkelbedjies in voorkamer. Braaigeriewe, linne en kombuisware. Badkamer met stort, wasbak en toilet. | Y | R 1400 |
| C5 | 6 | Dubbelbed in kamer met 2 stapelbedjies in tweede kamer. Braaigeriewe, linne en kombuisware. Badkamer met stort, wasbak en toilet. | Y | R 1600 |
| C6 | 6 | Dubbelbed in kamer met 2 stapelbedjies in tweede kamer. Braaigeriewe, linne en kombuisware. Badkamer met stort, wasbak en toilet. | Y | R 1700 |
| C7 | 6 | Dubbelbed en enkelbed in elk van die 2 kamers. Braaigeriewe, linne en kombuisware. Badkamer met stort, wasbak en toilet. | Y | R 2600 |
| C8 | 5 | Dubbelbed in kamer met 3 enkelbedjies in voorkamer. Braaigeriewe, linne en kombuisware. Badkamer met stort, wasbak en toilet. | Y | R 1700 |
| **Houthuise** | | | | Per eenheid |
| L1<br>L2 | 6 | Dubbelbed in kamer met 1 stapelbedjie in tweede kamer en 2 enkelbedjies in voorkamer. Braaigeriewe, linne en kombuisware. Badkamer met stort, wasbak en toilet. | Y | R 1700 |
| **Tenthuise** | | | | Per eenheid |
| T1<br>T2 | 6 | Dubbelbed in kamer met 4 enkelbedjies in voorkamer. Braaigeriewe, linne en kombuisware. Gebruik van gedeelde ablusiefasiliteite. | Y | R 1600 |
| **Woonstelle** | | | | Per eenheid |
| K1<br>K3 | 5 | Dubbelbed en 1 enkelbed in 'n afsonderlike kamer, met 1 stapelbedjie in die voorkamer. Braaigeriewe, linne en kombuisware. Badkamer met stort, wasbak en toilet. | N | R 1200 |
| K2 | 2 | 2 enkelbedjies in kamer. Braaigeriewe, linne en kombuisware. Badkamer met stort, wasbak en toilet. | N | R 800 |
| **Rondawel** | | | | Per eenheid |
| R1 | 2 | Dubbelbed in groot enkelvertrek. Braaigeriewe, linne en kombuisware. Badkamer met stort, wasbak en toilet. | N | R 1100 |
| **Kampeerplek** | | | | P/P / nag |
| Maksimum 6 per staanplek | | Volwassenes (ouer as 12 jaar) | * | R 200 |
| | | Kinders (onder 12 / onder 2 jaar is gratis) | * | R 150 |
| | | Karavaan- en toegedeelde tentkampering sluit 'n staanplek met 'n kragpunt in. Braai-area beskikbaar. Gedeelde ablusiefasiliteit by kampeerterrein. Verwys na terreinkaart om toegedeelde (voorkeur) visvangplek by oewerstaanplek te identifiseer. | * | - |

**Belangrik:** Die besetting van die perseel en die gebruik van alle geriewe is onderhewig aan Limerick River Lodge se standaardbepalings en -voorwaardes. Maak asseblief seker dat u die bepalings en voorwaardes by ons kantoor verkry, deurlees, verstaan, en aanvaar voordat u die Limerick River Lodge perseel betree. Limerick River Lodge behou die reg voor om pryse te verander – versoek asseblief 'n kwotasie voor bespreking.

**Vind ons by:** https://maps.app.goo.gl/MuBKC1QQ4vj6g4iV6

LIMERICK RIVER LODGE

Op die oewer van die Vaalrivier
Viljoenskroonpad, Vrystaat
info@limericklodge.co.za
www.limericklodge.co.za
082 335 2809

# Pryslys – 2026

### Kwartaal 2

## Algemene kuier en onthaal (per dag)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Algemene kuier** | | | | |
| Dagbesoek (bespreek**) | p/p | Dagbesoek met toegang tot algemene geriewe en buite-areas. Geriewe en areas wat bespreek moet word, of voorkeur verleen aan voorafbesprekings, is nie ingesluit by algemene geriewe nie (insluitend voorkeur visvangareas). Neem asseblief kennis dat 'n normal dagfooi (per persoon) gehef word by algemene geriewe. | Volwassene (>12) | R 100 |
| | | | Kind (<12) | R 50 |
| | | | Kind (<2) | Gratis |
| | | | Toegangstyd: 08:00 – 17:00 | |
| Braai-area (Hoeksteen) | 20+ | Groot braai-area by swembad vir *gereserveerde* gebruik. Gebruik van 2 gazebos. Area word skoon gelaat na gebruik. Bring asseblief u eie kampstoele (stoele kan voorsien word teen 'n nominale tarief). **Alle gaste betaal normale dagfooie**. | Braai-area | R650 |
| | | | Gebruikstyd: 08:00 – 17:00* | |
| Lapa (Raakvat) | 50 | Naby die swembad. Binne- en buitebraaiplekke. Raakvat is toegerus met stoele en tafels, klein kombuis (met eetgerei en breekware), yskas en opwasplek met opwas- en opruimdiens. Gedeelde ablusiefasiliteit by die swembad en kampeerterrein**. Alle gaste betaal normale dagfooie.** | Lapa | R 2800 |
| | | | Gebruikstyd: 08:00 – 17:00* | |
| Lapa (Saamloop) | 30 | Privaat area. Buite braai beskikbaar. Saamloop is toegerus met stoele en tafels, klein kombuis (met eetgerei en breekware), yskas en opwasplek met opwas- en opruimdiens. Gedeelde ablusiefasiliteit by die swembad en kampeerterrein. **Alle gaste betaal normale besoek dagfooie.** | Lapa | R 3300 |
| | | | Gebruikstyd: 08:00 – 17:00* | |
| **Saal en kapel** | | | | |
| Oewersaal (bo) | 200 | Onthaalsaal op die oewer van die Vaalrivier op boonste verdieping. Rotsvas kapel is ingesluit. Toegerus met tafels en stoele. Volledige kombuis (met eetgerei en breekware) met opwas- en opruimdiens. Ablusiefasiliteite is in die gebou. Bespreking moet gemaak word. | R 17 000 | |
| | | | Gebruikstyd: Soos gereël. | |
| Oewersaal (onder) | 100 | Onthaalsaal op die oewer van die Vaalrivier op onderste verdieping. Rotsvas kapel is ingesluit. Toegerus met tafels en stoele. Volledige kombuis (met eetgerei en breekware) met opwas- en opruimdiens. Ablusiefasiliteite is in die gebou. Bespreking moet gemaak word. | R 9000 | |
| | | | Gebruikstyd: Soos gereël. | |
| Kapel (Rotsvas) | 60 | Geleë op die oewer van die Vaalrivier langs die Oewersaal waar onthaal gehou word. Rotsvas is toegerus met sitplek vir gaste. Tye en duur van gebruik moet met bestuur gereël word. | R 1000 | |
| | | | Gebruikstyd: Soos gereël. | |
| Spesiale versoeke: Kontak ons gerus vir spesiale versoeke, funksies, en ander byeenkomste. | | | | |

*** Nota:** Sluitingstye belyn met normal dagbesoektye. Spesiale reëlings moet getref word vir die gebruik van fasiliteite na sluitingstyd. Addisionele fooie word gehef soos spesifiek ooreengekom.
**** Nota:** Dagbesoeke moet vooraf bespreek word aangesien die perseel vir ander doeleindes ook aangewend word. Voorkeur word verleen aan groepbesprekings en spesiale funksies.

**Belangrik:** Die besetting van die perseel en die gebruik van alle geriewe is onderhewig aan Limerick River Lodge se standaardbepalings en -voorwaardes. Maak asseblief seker dat u die bepalings en voorwaardes by ons kantoor verkry, deurlees, verstaan, en aanvaar voordat u die Limerick River Lodge perseel betree. Limerick River Lodge behou die reg voor om pryse te verander – versoek asseblief 'n kwotasie voor bespreking.

**Vind ons by:** https://maps.app.goo.gl/MuBKC1QQ4vj6g4iV6

# Limerick Lodge bepalings en voorwaardes

Die bepalings en voorwaardes soos uiteengesit hieronder geld vir alle persone wat die Limerick Lodge perseel betree en fasiliteite gebruik. Dit geld ook vir minderjarige persone wat deur 'n voog vergesel word.

## Betalings- en kansellasievoorwaardes

1. ‘n Geldige faktuur dui die totale besprekingsbedrag aan. U bespreking sal slegs bekragtig word wanneer die totale besprekingsbedrag betaal is.
2. ‘n Deposito van 50% van die totale besprekingsbedrag moet binne 48 uur na ontvangs van u faktuur betaal word om u bespreking te bevestig.
3. Die besprekingsdatum is soos ooreengekom op die besprekingstelsel. Dit is alle gaste se verantwoordelikheid om die besprekingsdatum te bevestig.
4. ‘n Administratiewe fooi van R600 word vir wooneenhede verhaal vir kansellasies wat direk na bespreking gemaak word.
5. 50% van die totale besprekingsbedrag word vir wooneenhede verhaal indien u binne 30 kalenderdae of minder kennis gee van kansellasie.
6. Die totale besprekingsbedrag word vir wooneenhede verhaal indien u binne 7 kalenderdae of minder kansellasie kennis gee van kansellasie.
7. ‘n Administratiewe fooi van R1500 word vir onthaalfasiliteite verhaal vir kansellasies wat direk na bespreking gemaak word.
8. 50% van die totale besprekingsbedrag word vir onthaalfasiliteite verhaal indien u binne 90 kalenderdae of minder kennis gee van kansellasie.
9. Die totale besprekingsbedrag word vir onthaalfasiliteite verhaal indien u binne 30 kalenderdae of minder kansellasie kennis gee van kansellasie.
10. Limerick Lodge is nie aanspreeklik vir nie-nakoming van verpligtinge as gevolg van gebeure buite ons beheer nie, insluitend maar nie beperk tot natuurrampe, stakinge, pandemieë, regeringsbeperkings, of oorlog.
11. Ons behou die reg voor om besprekings te wysig of te kanselleer weens onvoorsiene omstandighede (bv. onderhoud of oorbespreking). In sulke gevalle sal ons alternatiewe akkommodasie van gelyke waarde aanbied of 'n volle terugbetaling verskaf.
12. Geen-verskyning (nie aankoms nie) lei tot verhaling van die volle besprekingsbedrag. Vir vroeë vertrek is geen terugbetalings beskikbaar nie, tensy vooraf ooreengekom.

## Inteken- en uittekentye

1. Intekentyd by alle wooneenhede is 14:00 op die dag van aankoms en uittekentyd is 10:00 op die dag van vertrek.
2. Kampeerstaanplekke kan teen 10:00 op die dag van aankoms inteken en uitteken om 16:00 op die dag van vertrek.
3. Indien u vroeër wil inteken, word u vriendelik versoek om vooraf met die kantoor reëlings te tref, met die voorwaarde dat daar moontlik wagtyd mag wees.

## Algemene voorwaardes

Die volgende algemene voorwaardes geld:

1. Geen rook word binne enige geboue toegelaat nie aangesien dit oortreding van die wet is; Sanitering van chalets en rookbesmette geboue se kostes sal aan die oortreder toegedeel word.
2. Die toegangshek word beheer tussen 8:00 en 17:00 en is gesluit na ure. Reëlings moet getref word vir toegang na 19:00.
3. Dagbesoekers word toegelaat tussen 08:00 en 19:00 en betaal dagbesoekerstarief. Bestuur mag dagbesoekers beperk sonder redes.
4. Troeteldiere, onder toesig, word op die perseel toegelaat, met die eksplisiete voorwaarde dat alle skade as gevolg van diere aan die eienaar toegedeel sal word;
5. Klein troeteldiere word slegs toegelaat onder streng reëls:
    1. ‘n Geldige inentingsertifikaat word vereis;
    2. Gaste en personeel mag nie gesteur word nie;
    3. Eienaars moet deeglik skoonmaak agter diere;
    4. Diere moet aan leibande wees en mag nie vry rondloop nie.
6. U mag onder geen omstandighede apies voer, uitlok, of beseer nie – hierdie is wilde diere wat gevaarlik is en skade en beserings kan veroorsaak.

7. Hengel word op die perseel toegelaat, met die streng voorwaarde dat alle vis wat gevang word in die rivier vrygelaat sal word – oortreding sal lei tot 'n onmiddellike versoek om die perseel te verlaat.
8. Slange en ander reptiele vorm deel van die habitat; vermy hulle en rapporteer waarnemings. Vermy alle direkte interaksie met reptiele en ander gevaarlike diere sover as moontlik.
9. Gaste moet die natuurlike omgewing respekteer deur water en energie te spaar, en geen plante of diere te versteur nie. Oortredings kan lei tot boetes of verwydering.
10. Dit is u verantwoordelikheid om deure en vensters te sluit wanneer u nie in 'n tent, onthaaleenheid, of wooneenheid is nie.
11. Personeel het spesifieke pligte en mag nie in jul taak gesteur word nie. Geen alkohol mag aan personeel gegee word nie en personeel mag nie sonder spesifieke toestemming met gaste kuier nie.
12. Ons het geen beheer oor kragonderbrekings, meganiese foute deur Eskom of weerstoestande nie. Geen rugsteungenerator is op perseel nie.
13. Geen harde musiek, voertuiglawaai, of enige ander steurende lawaai word toegelaat op die perseel sonder die uitdruklike toestemming van die bestuur nie.
14. Die terrein moet stil wees vanaf 22:00 tensy vooraf ooreengekom met die bestuur en ooreenkomstig gereël met ander gaste – streng voorwaardes geld.
15. Misbruik van alkohol op die perseel word streng verbied wanneer dit lei tot wangedrag en minagting van die regte van ander gaste. Oormatige drinkery en steurende gedrag word nie toegelaat nie.
16. Alle toerusting word op eie risiko gebruik; Limerick Lodge aanvaar geen aanspreeklikheid vir diefstal, skade of beserings as gevolg van die gebruik daarvan nie.
17. Volwassenes neem verantwoordelikheid vir kinders se veiligheid; jong kinders mag nie onbewaak gelaat word nie – vergesel hulle asseblief na die swemarea, rivier, speelplek, ablusiefasiliteite, ens.
18. Braai-aktiwiteite moet onder toesig plaasvind slegs by aangewese braai- en vuurmaakplek; geen grondvure word toegelaat nie en die brand van dooie takke van bome is verbode.
19. Geen vuurwapens, vuurwerke, of enige ander springstof en hoogs vlambare middels word op die perseel toegelaat nie.
20. Geen eet- of drinkgoed mag in swembad nie (geen glasbottels om swembad). Rowwe spel in die swembad word nie toegelaat nie.
21. Rommelstrooiing en besoedeling word ten strengste verbied en 'n boete sal uitgereik word om die terrein skoon te maak of te saniteer, wat ookal van toepassing is.
22. Die persoon wat hierdie bepalings en voorwaardes ontvang en onderteken is geag die verantwoordelike gas en onderneem om dit aan alle lede van hul groep te bring.
23. Die spoedbeperking op die perseel is 10 km/h op alle paaie binne die afgekampte gebied.
24. Spesifieke kampreëls geld:
    1. Kampeerareas is toegedeel en die terrein word gedeel tussen gaste wat kampeer; respekteer die ruimtes van ander kampeerders;
    2. Steurings in kampterreine moet beperk word tot normale gedrag en optrede omdat kampterreine dig bewoon word;
    3. Alle vuurmaak en braaireëls geld vir kampterreine soos vir chalets en dagbesoekers; geen grondvure of braai sonder toesig word toegelaat nie.
25. Gaste word sterk aangeraai om hul eie reis-, mediese en aanspreeklikheidsversekering te reël vir dekking van verlies, besering of skade. Limerick Lodge aanvaar geen verantwoordelikheid vir sulke risiko's nie.
26. Limerick Lodge is ongeveer 20 km buite Potchefstroom – bederfbare en lewensnoodsaaklike items word nie op die perseel voorsien nie en dit is gaste se verantwoordelikheid om hierdie items saam te bring.

## Brekasie en skadevergoeding

1. Gaste sal aanspreeklik gehou word vir skade, tekorte of vernietiging van alle gebruiksitems, fasiliteite en meubels in eenhede en onthaalfasiliteite.
2. Dit is gaste se verantwoordelikheid om ooglopende skade aan gebruiksitems, fasiliteite en meubels in eenhede en onthaalfasiliteite te rapporteer tydens aankoms en gedurende verblyf.
3. Rapporteer enige skade aan binne 30 minute van aankoms by ontvangs aan. Breekgoed mag nie self vervang word nie; betaal asseblief by ontvangs.
4. Skadevergoeding word bepaal deur die vervangings- of herstelwaarde te bepaal tot op die punt waar die oorspronklike toestand van die fasiliteit of item behaal is.
5. Geen matrasse mag na buite gedra word nie. Meubels of toerusting wat buite 'n woning gebruik word, en gevolglik skade ly, se herstelkoste sal verhaal word van die verantwoordelike gas.
6. Alle ander skade as gevolg van gebruiksnalatigheid word aan gaste toegeskryf wanneer 'n fasiliteit nie verantwoordelik hanteer word nie.

## Vrywaring

Limerick Lodge en sy bestuur aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige dood, besering, siekte, diefstal, verlies of skade aan persone of eiendom, hoe ook al veroorsaak, insluitend deur gebruik van fasiliteite. Die perseel word op eie risiko betree. Gaste vrywaar die lodge teen alle eise, selfs vir gewone nalatigheid, maar nie vir growwe nalatigheid of opsetlike skade nie. Hierdie vrywaring geld vir gaste, hul afhanklikes en uitgenooides.

## Reg van toegang

Die bestuur van Limerick Lodge behou die reg voor om enige persoon of groep van die perseel te laat verwyder in geval van oortreding van die bepalings en voorwaardes soos uiteengesit hierbo. Reg van toegang is voorbehou.

## Aanvaarding van bepalings

Deur te bespreek of te betaal, aanvaar die gas hierdie bepalings en voorwaardes volledig en onderneem om al die lede van groepe wat die gas vergesel dienooreenkomstig in te lig. Die gas is verantwoordelik vir die gedragsbestuur van sy/haar groep, asook enige aanspreeklikheid soos uiteengesit in hierdie bepalings en voorwaardes.

# Vrywaringsvorm - Dagbesoekers

Ingevolge die Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008, beperk hierdie ooreenkoms sekere regte en skep risiko's vir u as die besoeker (die "Gas"). Risko-draende aktiwiteite op Limerick River Lodge (die "Eiendom") sluit in, maar is nie beperk tot: hengel in die Vaalrivier, gebruik van die swembad en swembadglybaan, kinderspeelplek en omgewing, natuurlike risiko's, insluitend blouapies en insekte, toegang tot algemene areas op die perseel. Gebruik van Limerick River Lodge se fasiliteite en aktiwiteite behels inherente risiko's, insluitend maar nie beperk tot: verdrinking, gly en val op nat of ongelyke oppervlaktes, beserings van speelplektoerusting of die swembadglybaan (bv. impakbeserings), hengelverwante gevare (bv. hake, glibberige oewers), en algemene risiko's geassosieer met buitelug-/rekreasie-omgewings. Die teenwoordigheid van kinders op die Eiendom beteken nie dat dit heeltemal kinderveilig is of vry van risiko's vir kinders nie. Die Eiendom word geheel en al gebruik op die risiko van besoekers en enige kinders of afhanklikes. Nóg Limerick Lodge, sy Eienaar(s), nóg enige werknemers, agente of kontrakteurs ("die Vrygewaarborgde Partye") sal aanspreeklik wees vir enige verlies, skade, besering, siekte of dood wat voortspruit uit gewone nalatigheid in verband met die gebruik van die Eiendom of sy fasiliteite.

Met die ondertekening aanvaar ek/ons die volgende spesifieke voorwaardes:

1. Ek/Ons betree, beset en gebruik die Eiendom, sy fasiliteite (insluitend die swembad, swembadglybaan, kinderspeelplek, hengelareas, trousaal, troukapel en algemene gasareas), parkeerarea, omgewing, en neem deel aan enige aktiwiteite geheel en al op my/ons eie risiko.
2. Ek/Ons erken en aanvaar die inherente risiko's geassosieer met die fasiliteite en aktiwiteite wat by die Eiendom aangebied word en vrywaar hiermee in my eie kapasiteit, asook in my hoedanigheid as verantwoordelike persoon vir lede van my begeleidende groep.
3. Ek/ons hou die Vrygewaarborgde Partye skadeloos teen enige en alle eise, verliese, aansprake, aksies, skade, koste (insluitend regskoste) of oorsake van aksie hoegenaamd, wat direk of indirek voortspruit uit my/ons gebruik of besetting van die Eiendom of deelname aan enige aktiwiteite, insluitend maar nie beperk tot: Enige persoonlike besering, siekte of dood; Enige verlies, diefstal of skade aan eiendom (liggaamlik of onliggaamlik); Enige gevolglike of indirekte verlies.
4. Ek/ons aanvaar dat hierdie vrywaring geld selfs al spruit die verlies voort uit die gewone nalatigheid van die Vrygewaarborgde Partye. Niks in hierdie ooreenkoms sluit egter aanspreeklikheid vir growwe nalatigheid of opsetlike skade uit of beperk dit nie, soos deur die wet verbied.
5. Ek/Ons doen hiermee onherroeplik afstand van enige en alle eise (huidig of toekomstig) wat ek/ons, my/ons afhanklikes, uitgenooides of enige derde party mag hê teen die Vrygewaarborgde Partye wat voortspruit uit die gebruik van die Eiendom en ek/ons vrywaar verder die Vrygewaarborgde Partye teen enige eise wat teen hulle ingestel word deur enige persoon as gevolg van my/ons handelinge of versuime (of dit nalatig is of andersins), of dié van my/ons eggenoot, kinders, afhanklikes of uitgenooides.
6. Enige bystand gelewer deur die Vrygewaarborgde Partye in die geval van 'n voorval word in goedertrou gelewer en sonder erkenning van aanspreeklikheid.
7. Hierdie ooreenkoms is bindend op my/ons, my/ons erfgename, eksekuteurs, administrateurs en regopvolgers.
8. Hierdie ooreenkoms word beheer deur die wette van die Republiek van Suid-Afrika. Die enkelvoud sluit die meervoud in, en as daar meer as een Gas is, geld die verpligtinge gesamentlik en afsonderlik.

Algemene voorwaardes:

1. Die toegangshek word beheer tussen 7:00 en 19:00 en is gesluit na ure. Reëlings moet getref word en noodgevalle word met personeel op die perseel hanteer.
2. Die perseel is 'n nie-rook perseel soos bepaal deur "Tabacco Products Control Act 1993 – Act 83 of 1993" hersien op 30 Maart 2012 en versuim om hierdie wet te gehoorsaam is 'n kriminele oortreding.
3. Respek sal getoon word aan ander gaste, met spesifieke verbod op harde musiek en onthaalgeraas, tensy 'n ooreenkoms vooraf met die bestuur gemaak word.
4. Disrespek teenoor ander gaste word verbied, met spesifieke verbod op voertuiggeraas, alkoholmisbruik, of enige ander vorm van versteuring of wangedrag wat ander gaste se ervaring negatief mag beïnvloed.
5. U mag onder geen omstandighede apies of wilde diere voer of uitlok nie – hierdie is wilde diere wat gevaarlik is en skade en beserings kan veroorsaak en die Eiendom is 'n private bewaringsgebied.
6. Diere onder toesig word op die perseel toegelaat, met die eksplisiete voorwaarde dat alle skade as gevolg van diere aan die Gas (troeteldiereienaar) toegedeel sal word.
7. Diere wat die perseel onder toesig betree sal geen skade of rusverstoring veroorsaak aan personeel, gaste, en ander diere op die perseel nie en sal geheel en al onder die beheer van die Gas (troeteldiereienaar) bly.
8. Alle visvang is "vang en vrylaat" met die eksplisiete waarskuwing dat 'n oortreding van hierdie aard sal lei tot die onmiddellike versoek om die perseel te verlaat.
9. Die bestuur van Limerick Lodge behou die reg voor om enige persoon of groep van die perseel te laat verwyder in geval van oortreding van die bepalings en voorwaardes soos uiteengesit hier bo.
10. Verwys na ons volledige bepalings en voorwaardes as die bindende dokument.

________________________________________
Naam en van

________________________________________
ID nommer

__________________________
Datum

__________________________
Tyd

__________________________
Voertuigregistrasienommer

________________________________________
Handtekening